Toe Hulle Oë Geopen Is, Het Hulle Hom Herken

Laat ons ons hoofde 'n oomblik buig vir gebed. Terwyl hierdie musiek sagkens deur hierdie mikrofone kom, *Glo Net*, wonder ek of ons versoeke het, vanaand, wat ons graag aan God wil bekend maak. En met ons hande op, belowe ons ons sal glo soos ons ons hande opsteek. Die Here seën.

2 Ons Hemelse Vader, ons benader U in die Naam van die Here Jesus, omdat U belowe het, as ons dit so doen, dat U ons sou verhoor. En ons bid dat U sal ontvang wat ons nodig het, in U wete, Here, en ons sal beloon volgens ons geloof. Ons weet U sal, want U het belowe. Daar is baie versoeke. Baie hande het opgegaan; myne, ook, Here. Ek bid dat U ons net sal ontmoet, vanaand, en vir ons sal wys hoe ons moet lewe en wat ons moet doen om geloof in U te hê. Ontvang heerlikheid uit die diens, Here, soos ons onsself toevertrou aan U, in Jesus se Naam. Amen.

Mag maar sit.

3 Don, hoe gaan dit met jou? Ek is beslis verbaas, vanaand, om baie van my vriende hier te sien sit op die platform saam met my. Broer Lee Vayle was een van die bestuurders. Broer. . . Goed, ek kan nie daardie Duitse Naam noem nie, Hierholzer. Ek kry die heeltyd agterstevoor. Broer Don Ruddell en al die broers hier, almal, ek is bekend met hulle almal, so ek is beslis bly om hulle hier te hê vanaand om—om te bid saam met ons terwyl ons die Woord preek, vir die siekes bid.

4 Nou, ek dink, môre—aand, en dan Sondagmiddag, terug hier, moet elders wees Saterdagaand. Het julle gebid vandag? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

5 Ek is jammer ek het julle laat gehou, gisteraand. Maar dit was 'n nuwe plek, alles nuut, en julle weet dit neem net 'n ietsie om gewoond te raak aan mekaar. Soos ek altyd gesê het, vergewe die uitdrukking: "Al die spoke wegkry, waar ons mekaar ken, sodat ons. . . al die snaakse gevoelens."

6 Partymaal ontmoet jy in plekke, o, nie uit disrespek vir hierdie ouditorium nie, maar, dis nie altyd godsdienstige dienste, veronderstel ek, wat hier gehou word nie. Dis alle soorte dienste. Nou hierbinne, so vreemd as wat dit mag wees, maar daar is 'n gees van alles. As jy nie 'n gees in jou het nie, is jy dood. En mense met verskillende gees kom bymekaar.

7 Jesus kon nie genees in so 'n skare nie. Hy het in Sy Eie landstreek ingekom, en hulle het Hom nie geglo nie, en Hy kon

nie magtige werke daar doen nie. Eendag moes Hy 'n—'n man wat blind was lei, die heelpad uit die stad, sodat Hy hom kon laat—laat sien, en syne te kry. En een was Sy gehoor.

8 Sien, partymaal moet jy bymekaar kom waar gelowiges bymekaar kom en glo. En hierdie plek is nou toegewy aan die diens van die Here Jesus Christus. En dis nou 'n kerk, net soveel kerk as wat...Waar ook al die mense bymekaar kom—kom, dit is die kerk. So nou, vanaand, is ons baie, baie bevoorregte mense inderdaad, voel ons, om hier te wees, om te vergader saam met julle almal, om—om te bid en Jesus Christus onder ons te herken.

9 Nou, julle weet, die Presbiteriane het baie van...of 'n Episkopaalse, glo ek, op—en—af, op—en—af; staan op en sê iets, gaan sit; staan op en sê iets, gaan sit. En ek gaan vir julle vra om weer te staan terwyl ek die Woord lees.

10 In Lukas, die 24ste hoofstuk, as julle aandagtig sal luister nou. Dis nogal 'n lang Skrif. Ek wil graag begin by die 13de vers van Lukas 24.

> *En, twee van hulle was dieselfde dag op pad na 'n dorp wat agt myl van Jerusalem af was, met die naam van Emmaüs.*
>
> *En hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat voorgeval het.*
>
> *En terwyl hulle pr—...hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam.*
>
> *Maar hulle oë is weerhou sodat hulle Hom nie kon herken nie.*
>
> *En Hy sê vir hulle: Watter* woord *is dit wat julle met mekaar loop en wissel, en waarom is julle bedroef?*
>
> *En die een wie se naam Kleopas was, antwoord en sê vir Hom: Is u alleen 'n vreemdeling in Jerusalem en weet u nie van die dinge wat in hierdie dae...gebeur het nie?*
>
> *En Hy sê vir hulle: Watter dinge? En hulle antwoord Hom: Die dinge aangaande Jesus, die Nasaréner, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk;*
>
> *en hoe ons owerpriesters en owerstes Hom oorgelewer het tot die doodstraf en Hom gekruisig het.*
>
> *En ons het gehoop* dat Hy was *wat Israel sou velos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandag dat dit plaasgevind het.*
>
> *Maar sommige vroue uit ons het ons ook ontstel nadat hulle vroeg by die graf was;*

en toe hulle Sy liggaam nie kry nie, het hulle gekom en gesê dat ook hulle *'n gesig gesien het van engele . . . sê dat Hy lewe.*

En sommige van dié wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit so gevind . . . die vroue ook gesê . . . maar Hom het hulle nie gesien nie.

En Hy sê vir hulle: o, onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!

Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?

En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê . . . al die Skrifte *. . . die dinge wat op Hom betrekking het.*

Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan;

maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons, want dis amper aand en die dag het gedaal; en Hy het ingegaan om by hulle te bly.

En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; . . . en gee dit aan hulle.

Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn.

En hulle sê vir mekaar: Was ons harte *nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die* Skrif *uitgelê het nie?*

11 Laat ons bid. Here Jesus, ons is bewus dat dit waar is. Daar is niks in die wêreld meer waar as U Woord nie. Daar is niks in die wêreld groter as U Woord nie. En ons bid dat U hierdie storie aan ons sal openbaar, in ons harte vanaand, en hierdie deel van die Skrif weer sal laat herlewe vanaand, dat ons die Here Jesus mag herken soos hulle het. Net, hulle het Hom herken 'n—'n dag na Sy opstanding, en mag ons Hom nou herken na tweeduisend jaar. Ons sou vra in Jesus se Naam en tot Sy heerlikheid. Amen.

Sit maar.

12 Dankie vir die klein verwelkomingsteken agter in die kerkouditorium.

13 My onderwerp vanaand was: *Toe Hulle Oë Geopen Is, Het Hulle Hom Herken.*

14 Nou ons toneel, vanaand, is die eerste Pase. Die groot donker dag van die kruisiging was verby. Ons Here Jesus het na die wêreld gekom en Homself deeglik geïdentifiseer as die Seun van God. Al die Skrifte, wat op Hom betrekking gehad het, het Hy vervul. Selfs die laaste ure op die kruis, is vervul. Nou het die opstanding gekom, wat ook belowe is. Maar die

mense van daardie dag was ietwat soos ons is, vandag. Hulle het, in die entosiasme van wat hulle gesien het, die bonatuurlike, ensovoorts, het hulle nie al die Skrif herken wat op Hom betrekking gehad het nie. Hulle het party Daarvan herken, en geglo, en party Daarvan het hulle nie herken nie.

15 Ek dink dis baie soos vandag, dat baiekeer sal ons party van die dinge aanvaar wat Jesus gesê het, maar nie al die dinge wat Hy gesê het nie. Mense kry partymaal, sê; "Wel, ons glo *hierdie*, maar ons glo nie *hierdie* nie." Wel, jy kan nie *hierdie* glo, sonder om *hierdie* te glo nie. Sien, jy moet Dit alles glo. Dis óf alles God, óf dit is niks God nie. En so moet dit alles reg inpas, in sy plek.

16 En soos ek gisteraand gesê het, God het bepaal dat, Sy Skrif, van die begin af, voor daar enige tyd was, toe Hy Ewig was. Hy alles. . . Hy is die Ewige Een, en dan hierdie dinge wat nou gebeur is slegs die eienskappe van God se denke. Eerstens, moet dit 'n gedagte wees, en dan 'n Woord. En 'n Woord, wanneer 'n gedagte uitgedruk word, is 'n woord. En dan, Dit wat gespreek word, moet Dit gebeur. En die hele ding is God wat Homself ontvou in Sy eienskappe, en dan God wat materialiseer, tasbaar, dan kan ons mee praat, mee gesels, in Sy hele Kerk Liggaam en alles.

17 Daarom, was jou naam in Sy denke. Dis hoe jy Ewige Lewe het. Jy kan Dit op geen ander manier hê nie. As jy Ewige Lewe het, was jy altyd. Sien? Jy, as andersins, jy kan nie net sê: "Wel, ek behoort aan die kerk, ek doen *hierdie*," nie. Nee, meneer. Ewige Lewe het nooit 'n be—. . . Enigiets wat Ewig was, het nooit 'n begin gehad en kan nie eindig nie. So jy was net in Sy denke, jou naam, wie jy is en wat jy is. Dis die enigste manier wat jy ooit Ewige Lewe kon hê, omdat jy altyd was.

18 En daardie, maak nie saak wat hulle is nie, hulle is Ewiglik dood, hulle was dood van die begin af. Die Bybel het gesê: "Die vrou wat in plesier lewe is dood terwyl sy lewe." Reg. Sien, sy was altyd dood. Sy's dood in sonde en oortredinge.

19 En nou as jy in die verlewendiging was, aan Sy begin, dis wat Hy gekom het om te verlos. En jou naam was op die Lam se Boek van die Lewe gesit, in Sy denke, aan die begin. En Hy het gekom om alle name wat in daardie Boek is te verlos; nie meer nie, nie een meer nie; net wat Daarin was. Wanneer die laaste naam verlos word, neem Hy Sy Boek en eis op wat Hy verlos het.

20 Nou, en wat 'n—'n vreemde ding sou dit wees as ons nie alles kon glo wat geskryf is in die Skrif nie, want die hele ding is God se Woord. Dis alles geïnspireer, elke deeltjie Daarvan, en ons glo elke deeltjie Daarvan.

21 Nou hierdie glorieryke toneel wat ons voor ons het, vanaand, is Jesus op uit die dood, in 'n lentetyd, wat rondstap.

Op uit die lente, die opstanding, die eerste Blom om op te staan uit die dood, ons Here Jesus! Hy was die Eerste Vrugte van hulle wat geslaap het. Die Paasblom wat opgekom het, die eerste Een wat Sy kop uitgesteek het na die koue middernag van duisternis en sonde; Hy het die sondeprys betaal, en God het Hom opgerig op die derde dag. Ons glo dit met ons hele hart, dat God Hom opgerig het op die derde dag, volgens Sy belofte. En ons glo dit volgens die Skrif, dat Hy Hom opgerig het, die derde dag. Hy was die eerste Een wat opgestaan het uit die dood, die Eerste Vrugte van diegene wat geslaap het.

22 En om daaraan te dink, daardie groot nood deur die vierduisend jaar wat die wêreld in sonde rondgetas het, en nie die uitweg geken het nie, hier is Hy terug uit die dood! Wat 'n tyd, 'n lentetyd! Die kerk moes die glorieryke Halleluja's gesing het. Maar in plaas daarvan, was hulle neerslagtig, treurig en alles, omdat hulle nie alles geglo het wat Hy gesê het nie.

23 En dis dieselfde ding wat dit is vanaand, omdat hulle nie alles geglo het wat Hy gesê en belowe het nie. Dis wat, die kerk in so 'n toestand is vanaand, wat dit in is, is omdat ons nie alles glo wat Hy gesê het Hy sou doen nie. Al die Skrifte wat betrekking het op Hom, ons glo Dit nie alles nie. Ons slaan Dit rond, maak Dit deurmekaar, en koppel iets anders Daaraan.

24 As ons die hele Ding glo, sou daar 'n lente van vreugde in ons siele wees, omdat ons opgerig is saam met Hom in die gelykenis van Sy opstanding, nou in hemelse plekke in Christus Jesus sit, met al die magte en kragte en duisternis onder ons voete. Ons het 'n reg, met die Bloed van Jesus Christus, ons Teken, dat ons gekoop is deur God. Dit, God ons verlossing gekoop het, deur Jesus Christus, en ons 'n reg het om daardie Teken oor enigiets te hou wat ons gevra het, en dit te ontvang. God het so gesê! Dit handel dit af. As ons net al die Skrifte kon glo!

25 Maar die ding daaromtrent is, die treurige deel, baie mense wat Hom geken het en Hom liefgehad het, het nie herken dat Hy uit die dood opgestaan het nie.

26 So is dit vandag! Baie mense, wat glo en selfs onderrig dat Hy uit die dood opgestaan het, herken Dit steeds nie. Hulle kan beslis nie begryp nie. En dis te veel van 'n—'n fenomeen. Dis te ongewoon. Die ongewone dinge is waar God is, as dit volgens Sy belofte is.

27 Baie het Hom liefgehad, en dit nie geweet nie. Dit was absoluut net te ongewoon vir hulle om te glo wat daardie getuies wat van die graf afgekom het en gesê het: "Ons het 'n groep engele gesien, wat gesê het: 'Hy het opgestaan uit die dood.'" "O, wel, ons . . ." Sien, as hulle net in die Skrif gekyk het; Hy het dit belowe, dat Hy dit sou doen.

28 En net soos by die Fariseërs en die godsdienstige leraars van Sy dag, as hulle net in die Skrifte gekyk het, soos Hy gesê het om te maak. "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Dit is Dié wat van My getuig," wat sê Wie Hy is.

29 En as daardie dissipels van daardie dag net in die Skrif gekyk het, sou hulle in die Skrif gevind het dat Hy belowe het om weer op te staan. En God het belowe om Hom op te rig, en Hy het. Tog, Sy beloofde Woord was geskryf dat Hy dit vir hulle sou doen. Die Woord het gesê Hy sou opstaan.

30 Hy het dit belowe, maar tog was hulle treurig en heel terneergedruk en alles, hulle het gedink hulle het alles verloor wat hulle gehad het, en alles het gefaal. En dit was die donkerste uur dat, reken ek, hulle ooit gesien het. Hulle het hoop in Hom gehad, en in Hom geglo, en Sy groot manifestasie van wonderwerke en tekens en wonders gesien, en al die bevestiging van die Messias. En om Hom toe daar te sien staan en sterf, spoeg op Sy gesig laat blaas, en, wanneer, Hy die gedagtes wat in die harte van die mense was kon onderskei.

31 Maar as ek dit maak met 'n—'n wêreldse uitdrukking, vergewe dit, maar: "Wanneer die—die poppe dans," dis wanneer jy steeds glo.

32 Toe hulle 'n doek om Sy gesig draai, daardie dronk soldate, en 'n doek om Sy gesig gedraai het, en 'n stok geneem het en Hom op die kop geslaan het, en gesê het: "Nou, ons verstaan U is 'n profeet. As U 'n profeet is," en hulle het die stok vir mekaar aangegee, en gesê: "sê vir ons wie U geslaan het. Ons sal dit glo."

33 Sien, gelyk asof Hy—Hy—Hy in 'n strik gevang is. En hulle het gedink: "Wel, as hulle ooit enigiets vir—vir Hom sê, sou Hy hulle net met blindheid slaan. Hy sou hulle met die dood tref, as hulle enigiets sou sê." Sien, dis nie altyd God se doel om dinge te doen nie. Sien?

34 Toe Hy op die kruis was, en Kajafas en die—die priester almal gesê het: "As U die Christus is, sê vir ons reguit, kom van die kruis af, ons sal U glo." Sien, hulle kon net nie verstaan hoe God ooit na die kruis kon gaan en sterf nie. Maar, dis die rede waarom God vlees geword het, sodat Hy kon sterf.

35 Die Fariseërs het vir Hom die grootste kompliment gegee wat Hy ooit gekry het, toe hulle gesê het andere kon Hy nie . . . "Andere het Hy gered, Homself kon Hy nie red nie." Sekerlik, dit was 'n kompliment. As Hy Homself gered het, kon Hy nie andere gered het nie. Hy moes Homself gee.

36 Dis waarom God vlees geword het, om te sterf, dat Hy kon ly en die straf op Homself neem. Hy kon dit nie doen solank Hy Jehova was, in die gees nie. God die Vader in gees, kon dit nie

doen nie. Maar toe God vlees geword het en onder ons gewoon het, 'n Mens, toe kon Hy die dood smaak, en die straf neem wat Hy op alle mense geplaas het. Hy het dit op Homself geneem, en die prys betaal.

37 Tog, Sy beloofde Woord het hierdie opstanding belowe, maar hulle het nie verstaan dat dit so sou wees nie. Hulle kon dit net absoluut nie begryp nie. Die Woord, Hy was die bevestiging van Sy belofte. Jesus, wat gepraat het met Kleopas en sy vriend, op die pad na Emmaüs, was die bevestiging van Sy beloofde Woord, en tog het hulle dit nie verstaan nie.

38 En mag ek dit vandag sê. Na tweeduisend jaar van lering, glo, lewe Hy steeds, en mense kan dit nie sien nie. Hulle kan dit nie verstaan nie. Die hoofsaak is, hulle is so geïndoktrineer met ander dinge, te veel sake, en te veel ander goed. Dis waarom hulle dit nie kan verstaan nie.

Hulle was te treurig, en ontsteld om dit te verstaan.

39 Nou, let op, hulle het van Hom gepraat. Nou was hulle op die pad na Emmaüs, hulle sou weer teruggaan na hulle ou werk. En Petrus het gaan visvang, en party van die res van hulle het saam met hom gegaan. En Kleopas en sy vriend, het gesê: "Wel, ons sal oorkant na Emmaüs gaan." Dis miskien waar hulle gewoon het, en omtrent 'n Sabbatdag se reis, 'n paar myl oor die heuwel.

40 En hierdie pragtige Paasoggend, het Jesus opgestaan uit die dood, op! Sy Woord, God se Woord, is vervul. "Ek sal nie My Heilige verderwing laat sien nie, ook sal Ek nie My. . .Ek sal nie—nie Sy siel in die hel los nie, ook sal Ek nie My Heilige verderwing laat sien nie." Was die Woord. Let op, Dawid het dit gesê.

41 Jesus het gesê: "Vernietig hierdie tempel, en Ek sal dit in drie dae oprig." Sien? "Die Seun van die mens gaan op na Jerusalem, om oorgegee te word in die hande van die heidene, en wrede manne, sal bespot en geslaan word, en gekruisig word, maar op die derde dag sal Hy weer opstaan." Hy het so gesê, dit behoort dit af te gehandel het.

42 En hier het hierdie manne aan wie Hy dit gesê het, wat die Woord geken het, langs die pad gestap, treurig daaroor. Kan julle julle so 'n gesig voorstel? Maar dit het beslis weer herhaal. Dit het weer herhaal.

43 Ons vind uit, soos hulle aangegaan het langs die pad, een groot ding van hulle, hulle het van Hom gepraat, toe Hy verskyn het.

44 Nou dis wat die probleem vandag is, die rede waarom ek dink Hy nie soveel van ons verskyn nie, omdat ons nie genoeg van Hom praat nie. Ons het ander dinge waaroor ons moet praat. Ons het denominasionele verskil, ons moet daaroor stry.

Ons moet praat oor kommunisme. Ons het allerhande programme, en wat alles, het ons heeltemal verstrengel. Ons het nie tyd om van Hom te praat nie. Die kerkprogram, wie gaan die verkose pastoor wees, wie gaan *dit* doen, en wie gaan *dat* doen, ons praat oor alles behalwe Hom.

45 Wanneer, ons van Hom behoort te praat! Dis altyd. Dit behoort te wees ons—ons. . .Dit behoort ons doelwit te wees, dit behoort ons—ons hele lewe te wees, is in Hom.

46 Ek het vir 'n man gesê nou die dag. Hy het gesê: "Wel, glo jy daardie goed?"

47 Ek het gesê: "Meneer, ek het my lewe spandeer. Dis reg. Ek sou my lewe Daarvoor gee. Ek wens ek het tienduisend lewens gehad om Daarvoor te gee. Ek glo Dit steeds."

48 Sekerlik, ons moet van Hom praat, as ons Hom wil sien. Dis wanneer, altyd.

49 Hulle moes Hom herken het, maar hulle het nooit. Toe Hy naderstap langs hulle, moes hulle geweet het. Onthou, hulle het met Hom gewandel vir drie jaar. En hier die. . .Kan julle julle voorstel? Sy dissipels wat met Hom gewandel het vir drie jaar, hier loop Hy reg langs hulle, en net so blind soos 'n vlermuis. Waarom? Omdat hulle nie die Skrif geken het nie. En, tog, het Hy vir hulle die Skrif gesê.

50 En hier was Hy, *Emmanuel*: "wat vlees geword het, onder ons gewandel het," en die Fariseërs het dit nie herken nie. Hulle kon dit nie verstaan, hoe hierdie Man. . .Wel, hulle het Hom gekruisig, want, het hy gesê: "Hy die Sabbat verbreek en—en Homself God gemaak het." Dis waarom hulle Hom gekruisig het. Nou ons vind uit, dat waarom hulle dit nie geweet het nie, is omdat hulle nie die Skrif geken het nie.

51 Nou hierdie dissipels moes Hom herken het, maar hulle het nie die Skrif geken nie. Hier het Hy toe aan hulle openbaar, let op, soos Hy begin voortgaan het, het Hy aan hulle die Skriftuurlike beloftes openbaar aangaande Homself vir daardie eeu; nie die Skriftuurlike beloftes in Noag se eeu nie, nie die Skriftuurlike beloftes vir ander eeue nie. Die Skriftuurlike beloftes aangaande Homself vir daardie eeu, dit het presies gewys wie Hy was. Sien?

Hy begin hulle vra, het gesê: "Waarom is julle so treurig?"

52 "Wel," het hulle gesê: "is U 'n vreemdeling hier?" Hom reguit in die gesig gekyk. "Is U 'n vreemdeling hier, en weet nie wat gebeur het nie? Wel, Jesus van Násaret, 'n profeet bevestig deur God, en ons het gehoop dat Hy die Een sou wees wat Israel sou verlos; en hierdie is die derde dag, en hulle het Hom gekruisig, en al hierdie dinge." En Hy net. . .

53 Hy het gesê: "Watter dinge het gebeur?" Net asof Hy niks daarvan geweet het nie. Sien, Hy het net opgetree asof Hy—Hy niks daarvan geweet het nie.

54 Maar onthou nou, toe Hy toe begin praat, het Hy aan hulle die beloftes aangaande Homself begin openbaar. Gesê: "Weet julle nie hoe Christus eers moes ly en in Sy heerlikheid ingaan nie?" En toe het Hy begin, met die Skrifte, vanaf Moses en al die profete, en aan hulle die Skrifte openbaar wat op Hom betrekking gehad het, die Messias. Wat die Messias moes wees, wat die dinge wat Hy moes doen, alles wat Hy moes wees, Hy het dit aan hulle openbaar, en Hom het hulle steeds nie verstaan nie.

55 As dit nie herhaal is, vandag nie! Hy doen dieselfde, en steeds is die kerk neerslagtig in duisternis. Openbaar aan hulle Wie Hy is en wat Hy is, en—en steeds sê hulle: "Wel, nou, ek glo my kerk leer. . . " Daar het julle dit. Julle sien, dis die rede julle. . .

56 Gaan terug na die Skrif, ondersoek die Skrif, Hulle het die Waarheid. Ons verdraai Dit so. "Hoe weet ons dis die Skrif?" Wanneer dit 'n Skrif is wat belowe is vir daardie eeu.

57 Nou, Hy het nie teruggegaan en gesê: "Julle onthou Moses, wat hy gedoen het," nie. Sien? Hy het aan hulle geopenbaar die Skrif wat betrekking gehad het op Homself, vir daardie eeu. Hy was die Lig van daardie eeu.

58 Moses was die lig van sy eeu. Jeremia was die lig van sy eeu. Dit was die God se Lig wat uitgeskyn het uit die Woord wat belowe is vir daardie eeu. Elke eeu het Sy beloofde Woord. God stuur Sy profete en openbaar daardie Woord; bevestig Sy profeet, eers, openbaar dan daardie Woord en laat Dit lewe.

59 En Jesus was die Christus. En alles wat betrekking gehad het op die Christus, Hy het dit bevestig. 'n Maagdelike geboorte, die siekes genees, die gedagtes in hulle harte onderskei, alles wat Hy veronderstel was om te doen om die Messias te wees—wees, en, tog, opgestaan uit die dood, en hulle het dit steeds nie herken nie. Hulle het dit steeds nie geweet nie. Nadat die Skrifte geopenbaar is, steeds het hulle Hom nooit herken nie, hoewel Hy die beloofde Woord was. Nou onthou hoe mooi dit is, die Woord wat Hy aan hulle openbaar het, wys hulle. Hulle het reg saam met Hom gewandel vir drie jaar, en dit herken, geweet dat Hy daardie Woord vervul het. Daar het hulle gegaan, aangestap na Emmaüs: "Is dit so?" Huh! Het dit net nie verstaan nie! Hulle het dit nie begryp nie.

60 Let op toe toe dit gekom het by die plek, nadat Hy die Woord openbaar het, weereens, aan hulle, en hulle wys hoe Christus hierdie dinge moes doen, en steeds het hulle dit nie begryp nie. Let op die teregwysing wat hulle gekry het, daardie predikers, omdat hulle nie die vervulde Woord geken en herken het wat voor hulle oë vervul is nie. Let op na Sy Woorde aan hulle: "Onverstandiges, stadig van begrip." Hier was God Self, die opgewekte Messias, wat saam met hulle gestap het, hulle

gewys het. Gesê: "Wel, verstaan julle nie dat Christus hierdie dinge moet doen nie? Weet julle nie dat dit *so* moet wees, en *so*, en *so* en *so* nie?"

61 En heeldag lank, die Skrifte uitgelê vir hulle, en steeds: "Is dit so?" En het nie geweet dit was Hy wat net daar gestaan het nie.

62 Toe het Hy omgekyk. Nadat Hy die Woord gepreek het, en vir hulle vertel het en hulle die dinge gewys het wat veronderstel was om te wees, en steeds het hulle dit nie verstaan nie. Hy het gesê; "Onverstandiges, en met harte wat traag is om te verstaan, sien, die bevestigde Skrif vir die uur te verstaan," die Skrif wat betrekking gehad het op Hom in daardie dag. Tog was Hy by die dissipels, maar hulle het nie die geskrewe Woord geken toe hulle Dit gesien manifesteer word nie.

63 Ek wil dit laat intrek, net 'n oomblik. Sien? Sien, het nie geweet toe die. . .Dit uit die Skrif gelees, dat dit 'n belofte is vir hierdie dag, en dan kyk hoe God dit manifesteer, en steeds sê: "Ek wonder." Selfde ding, sien, net presies. Ons het steeds te doen met mense.

64 En ons vind uit dat Hy hulle bestraf het, skerp. Hulle was dissipels. Want, hulle het nie die Woord geken nie, dat, toe Dit voor hulle gemanifesteer is, het hulle dit nie verstaan nie.

65 Wat? Dieselfde ding het vandag gebeur. Maar in die gedagtes van die mense. . .Dit laat jou jammer voel vir hulle, want een het 'n groep wat *hiernatoe* gaan, en een het een wat *hiernatoe* gaan, en al waaraan hulle dink is om daardie groep te laat groei. Dis waarom Christus Homself nie aan die mense kan openbaar nie.

66 Wel, die kerk behoort te wees die mees. . .Wel, dit behoort in die glorieryke stadium te wees nou, en die krag van Sy opstanding, groot tekens en wonders.

67 In plaas daarvan, het hulle soveel rondgespeel hiermee, totdat hulle blindelings loop in die Ekumeniese Raad in, om die merk van die dier te kry, en weet dit nie. Dis presies, in die wete Sy Woord het gesê dit sou dit doen. En hulle dink dis baie goed, dis mooi, maak 'n goeie offer, daarom sal hulle dit doen. Hoe kan twee saamloop? Wat gaan julle Pinksters doen? Julle gaan julle fundamentele doktrine van die doop van die Heilige Gees opoffer, om dit te doen. Sekerlik, julle gaan. En daar het julle dit. Wat gaan julle doen wanneer daardie tyd aanbreek? Loop net dwaaslik reguit daarin!

68 Party van die leiers van Pinkstermense, volle Evangelie mense, staan in hierdie rade, en sit voor die Vatikaan, en in die hiërargieë, ensovoorts, en sê: "Dis die geestelikste gevoel."

69 'n Man wat so gevoelloos vir die Gees van God is, wat so—iets soos daardie sou veroorsaak, geen wonder Hy sou sê:

"Onverstandiges, en met harte wat traag is om te verstaan wat die Skrif gesê het." Hy sou uitspreek vanaand, as Hy deur 'n werktuig sou spreek, sou Hy dieselfde ding sê. "Onverstandiges, en met harte wat traag is om te verstaan hoedat wanneer die Woord gemanifesteer word net daar, en dan reguit daarin stap." Dieselfde nou!

70 Ons is te besig met ons programme. Te. . .Hulle was te besig, na Hom te luister, en ander dinge te doen. En—en so vind ons uit, dat, nou het ons soveel verskillende geloofsbelydenisse, ons het soveel televisieprogramme.

71 En nou het ons 'n anti—kommunistiese beweging. Ek het geluister na *Life Line*, nou die oggend, wat die gedokumenteerde stellings daarvan gee, dat, kommunisme, wel, jy sou dit nooit uitvee nie. Wel, hulle was hierin vir jare en jare en jare. Al hierdie verskillende programme en stelsels, so het *Life Line* gesê, selfs tot in hierdie bewegings, soos met seribraal verlamming, en sulke goed daarin, in die anti—kommunistiese beweging; anti—kommunistiese beweging, kommuniste is daarin om dit te inspireer, net om uit te vind wie is wie. O, goeiste! Ek is nie geïnteresseerd daarin nie.

72 Ek is geïnteresseerd in die Koms van Jesus Christus, vir 'n Kerk. Predikers behoort besig te wees daarmee, en te kyk wat die Skrifte belowe het vandag. Ek soek nie na 'n oorname, van kommuniste nie. Ek soek na 'n komende Koninkryk, Jesus Christus, en die Millennium om te begin. Nie eens (absoluut) geïnteresseerd in kommuniste of niks van hulle ismes, of julle godsdienstige ismes, niks daarvan nie. Ek is geïnteresseerd in Jesus Christus, en Hy alleen. Die mense Hom te laat sien. Hy is hier, wat Homself bewys, wat presies hier wys wat Hy gesê het Hy sou doen in die laaste dae.

Nou hulle het dit nie verstaan nie. Hulle was te besig.

73 Tog, maak hulle vandag aanspraak om te glo dat Hy opgestaan het uit die dood. Almal, julle glo Hy het opgestaan uit die dood? Diegene wat regtig aanspraak maak om Christene te wees, glo dit. En dan kan Hy reguit verbykom en doen presies wat Hy gesê het Hy sou doen na Sy opstanding, en steeds sien hulle dit nie. Ja, meneer! O! Dis die waarheid. Hulle, hulle sien dit steeds net nie.

74 Geloofsbelydenisse, opvoedkundige programme, hulle het hulle predikers uit en het hulle so geleerd. Dis blind, blind vir hulle mensgemaakte teologieë, dat hulle van die Woord van God af is.

75 Soos ek gisteraand gesê het, God het nie enige interpreteerder nodig nie. Ek kan nie Sy Woord interpreteer nie, net so min kan enigiemand Sy Woord interpreteer. Hy is Sy Eie interpreteerder. Wanneer Hy gesê het Hy sou enigiets doen, doen Hy dit, en dit handel dit af. Dis al wat daar is. Hy

het gesê Hy sou dit doen, en Hy het dit gedoen. Dit handel dit af. Hy het niemand nodig om te sê *hierdie is* Dit, of *daardie is* Dit nie. Hy doen dit, Self. Ons interpretasies is niks vir die Skrif nie. Hy spreek, Self, en dis hoe dit is.

76 Toe in die begin, toe Hy gesê het: "Laat daar lig wees," en daar was lig. Dit het geen interpretasie nodig nie. "'n Maagd sal swanger word," en het. "Ek sal My Gees uitstort op alle vlees," Hy het. Het nie enige interpretasie nodig nie.

77 Wat Hy gesê het Hy sou doen in hierdie dag, Hy het dit gedoen. Dit hoef nie geïnterpreteer te word nie; dit interpreteer ditself. Hy is Sy Eie interpreteerder.

78 Nou, maar ons is so besig met ander dinge, en ons het ons mense weggeneem. En baie van ons volle Evangelie sendings, ensovoorts, en skole, gee 'n man 'n sielkundige toets voor . . . 'n verstandelike toets, voor 'n—'n sielkundige, voordat hy 'n sendeling kan wees—wees, om te sien of sy IK hoog genoeg is. Is dit nie iets nie? Ek kon dit net voorstel in 'n formele, ver af iets wat gesterf het baie jare gelede. Maar so vars soos Pinkster is, hoe kan hulle ooit so—iets doen?

79 Kan julle julle voorstel die IK wat hulle nodig gehad het op die Pinksterdag? Geloof in God, dis wat hulle nodig gehad het. Reg! Dis die vereiste. "As julle kan glo, vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg," het Jesus gesê. Hy het nooit gesê toets hulle vir hulle IK nie. Hy het gesê: "Gaan in die hele wêreld in," sendelinge: "maak dissipels van alle nasies. En vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." Dis die IK, God se IK, of jy genoeg geloof het om hierdie dinge te laat lewe en werklikheid te maak, Christus gemanifesteer onder die mense.

80 Maar, vandag, wil ons hulle toets vir een of ander opvoedkundige program. Goeiste!

81 Vir Jack Ruby getoets, nou die dag, vir kranksinnigheid. Hulle doen dit steeds. Die hele wêreld is kranksinnig. Sekerlik, die man is mal. Geen man sou 'n ander skiet sonder om mal te wees nie. Die hele wêreld is mal. Sekerlik, dit is. Die boer, hy is mal vir die sakeman. Die sakeman is mal vir die boer. Wie is mal. Die hele groep is.

82 Daar is net een sinvolle ding, dis Jesus Christus die Seun van God, en Sy Evangelie het die antwoord vir alles. Ons boeke van sielkunde en al hierdie dinge, is onsin. As dit teenstrydig is met hierdie Woord, gooi dit weg. God se Woord is reg, en al die ander is verkeerd.

83 Ons sien hierdie dinge. Geen wonder die wêreld is deurdrenk met bloed nie! Geen wonder die dinge is soos hulle nou is nie! Ons nie . . . Dit moet elke keer . . . Wonder of Oswald, wat ons President vermoor het, wonder of hy 'n kranksinnigheidstoets sou kry. Ek betwyfel dit. Maar, julle

sien, hoe kan 'n man inhardloop en 'n ander man skiet, dan sy lewe neem en voortgaan? Nou, ek's in Texas, ek sal net ophou daarmee. Maar laat ek vir julle sê,. . . .Die Here sal sorg vir dit alles, eendag, by Sy Koms. Let op, jy't geen reg om enige man se lewe neem nie. Nee, meneer. God is die enigste Een wat die reg het om lewe te neem. Dis waar.

84 Nou kyk, die Woord wat waarlik geskryf is, die belofte vir daardie eeu perfek bevestig, en hulle het Dit steeds nie herken nie. Let op, hulle het Hom net herken as 'n profeet, Jesus van Násaret. "Is U net. . .Is U 'n vreemdeling hier? Jesus van Násaret, wat 'n profeet kragtig in werke voor God en die mense was," Hom herken as 'n profeet! Toe, as hulle Hom herken het as 'n profeet, 'n profeet is gestuur vir daardie eeu waarin Hy lewe. Hy moet God se belofte manifesteer. Die Woord kom na die profeet. En as Hy die profeet was, dan moes die beloofde Woord vir daardie eeu gemanifesteer word deur Hom, en steeds het hulle Hom nie gesien nie. Hulle kon dit net nie sien nie.

85 Hulle het gesê: "Hy was 'n profeet, kragtig in werke," en wat Sy werke was: "magtig in Woord voor God, ensovoorts. Hy was groot, en ons het gehoop. . . " Israel het hulle hoop gevestig gehad op Hom, geestelike Israel, nie die kerk Israel nie,. . .net die volk. Die—die mense, die ware geestelike Israel het hulle hoop gevestig gehad op Hom.

86 En, let op, toe toe hulle Hom herken het as 'n profeet, wat het Hy na toe gegaan? Hy het net presies gedoen wat 'n profeet moet doen, Hy het net reguit teruggegaan na die Woord. Sien? Reguit terug, om te wys. As Hy 'n profeet was, wat hulle gesê het Hy was, gaan Hy reguit terug om die Woord belowe van Homself te wys, van daardie dag. Steeds het hulle Hom nie herken nie. Reguit aangeloop, blind soos hulle kon wees, het dit nie herken nie. Die beloofde Woord vir hulle eeu, Hy was die profeet om daardie selfde ding te manifesteer.

87 Nou kyk, Hy het gesê: "Onverstandiges, met harte wat traag is om te verstaan alles wat die profete gesê het van Christus, hoedat Hy hierdie dinge moes ly wat Hy gesê het, en dan in Sy heerlikheid ingaan, en opstaan op die derde dag. Al hierdie dinge wat Hy veronderstel was om te doen, en tog verstaan julle nie?" Hulle behoort te geweet het dat daar 'n Man was wat bevestig het dit wat hulle gesê het hulle geglo het. Maar steeds kon hulle dit nie sien nie. Hy was 'n seker teken van 'n ware—ware profeet, altyd. Om nie terug te gaan na 'n ander woord, terug na 'n ander nie, maar om 'n Woord te bewys dat Hy vandag lewe in Sy belofte.

88 Nou onthou, voordat Hy gekom het, het Johannes op die toneel verskyn. Hy was 'n profeet. En wat was hy? 'n Voorloper van die Messias. En hy het gesê: "Ek is glad geen Messias nie." Hulle het gedink hy was, omdat hy 'n profeet was. Hy het gesê:

"Ek's nie die Messias nie. Ek is nie eens werd om Sy skoene los te maak nie, maar Hy staan onder julle." O, Johannes was seker Hy was daar, want hy't geweet hy moes Hom bekendstel.

89 Sy vader was 'n priester. Hy het nie na hulle kweekskool gegaan, om te leer om 'n priester te wees nie. Sy werk was te belangrik. Hy het in die wildernis ingegaan, om alleen met God te wees. Hy wou nie 'n gemeenskapskaart van enigiemand dra nie, of hulle sou *dit*, *dat*, of die *ander* sê, want hulle sou almal deurmekaar raak en beïnvloed word deur—deur die orde van die mens van daardie dag. Sy werk was belangrik. Hy moes staatmaak op God alleen, want hy moes die Messias aankondig.

90 Jesus het gesê: "Hy was 'n helder en skynende lig, en vir 'n seisoen het julle begeer om met hom te wandel, geniet om met hom te wandel. Maar Ek het 'n groter getuienis as Johannes." Sien? Hy's . . . Steeds het hulle dit nie geglo nie.

91 'n Seker teken van 'n ware profeet, wat opgegaan het, hulle teuggeneem het na die Woord. Hulle kon nie Sy manier van praat verstaan nie.

92 En, kyk, die Skrif het gesê dit sou gebeur, presies Woord vir Woord, soos dit was. Selfs Dawid, honderde jare voor dit, omtrent agthonderd jaar, het dieselfde ding uitgeroep wat Hy op die kruis gesê het, en sonder twyfel, dat in die tempel, daardie oggend, hulle daardie selfde lied mag gesing het, Psalms 22: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" In die tempel daarvan gesing, en, die God waarop hulle aanspraak gemaak het om te dien, het hulle gekruisig.

93 So is dit vandag! Die God waarop hulle aanspraak maak om in te glo, wat Homself manifesteer, hulle sal, julle sal elke deur toemaak, en geen samewerking nie, geen niks anders nie. Hulle . . . Dis teenstrydig met hulle geloofsbelydenisse. O onverstandiges, met harte wat traag is om die dag te ken waarin ons lewe! Het God nie dit belowe in hierdie laaste dae nie? Hoedat hierdie Laodicea kerk louwarm sou wees, en Jesus aan die buitekant, wat probeer inkom vir 'n bietjie samewerking? Wat is Jesus? Die Woord, die ware Woord wat gemanifesteer is. Aan die buitekant, wat probeer inkom, en nie kon inkom nie.

94 Die uur wat ons lewe, natuurlik, blind, dieselfde manier. Jesus het gesê hulle sou so wees. Die profete het gesê hulle sou so wees. "Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God. Bandeloos, kwaadsprekers, onversoenlik, sonder liefde vir die goeie, wat 'n gedaante van godsaligheid het, die krag Daarvan verloën het," die Krag van Sy opstanding, Sy manifestasie dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. En Hy lewe vandag, vir Ewig, om die dinge te bevestig wat Hy gesê het. En ek skree nie vir julle nie, maar ek wil hê julle moet luister.

95 Waar, hulle oë was steeds toe. Let op, hoewel hulle nie kon glo nie, was daar iets in hulle, hulle het Hom genooi om in te kom. Hy het gemaak asof Hy verder wou gaan.

96 Hy mag so maak met jou, vanaand. Nou ter afsluiting, ek gaan vroeg afsluit sodat ek 'n gebedsry kan hou. Hy mag maak asof Hy verby jou gaan gaan. Miskien sal jou gebedskaart nie geroep word nie, maar, onthou, miskien gee jou net 'n toets, ook. Sien, Hy's net soveel God daarbuite as wat Hy hierbo is, of enige ander plek. Hy bewys dit, dag na dag, aand na aand. Hy is God, oral. Sien? Hy is alomteenwoordig.

97 Nou onthou, Hy maak asof Hy gaan verbygaan. En hulle het by Hom aangedring. Nou, hulle het nie verstaan waarvan Hy gepraat het nie, maar tog hulle gemoed vol. . . Hulle het nie geweet wat om te glo nie.

98 Nou daar is net baie sulke persone, vandag. Daar is baie sulke persone in Beaumont, vanaand. Hulle weet nie wat om te glo nie. Maar weet julle wat het hulle gedoen? Hulle het die wysste ding gedoen wat enige man kan doen. Hulle het Hom ingenooi. Dis reg. Dis reg. Dis dan, en net dan, kan Hy Homself openbaar, wanneer Hy genooi word om in te kom. Verwelkom Hom, sê: "Here Jesus, ek weet die Skrif sê dit. Ek mag dit nie verstaan nie, maar kom in my hart in. Ek wil U aanvaar. Ek wil U glo. Dan, manifesteer Uself aan my."

99 Let op, hulle het Hom ingenooi. Nou hulle kon dit nie verduidelik nie. Hulle—hulle, dis 'n. . . Hy, Hy het net. . . Hulle het nie verstaan waarvan Hy gepraat het nie. Dit was alles deurmekaar, vir hulle. Hulle kon dit nie verstaan nie, maar tog het hulle gesê, uitgenooi, aangedring by Hom: "U moet inkom!"

Hy het gesê: "Nee, Ek—Ek moet voortgaan."

100 "O, maar, Here, U—U moet inkom! U, U moet inkom!" En hulle het aangedring by Hom, totdat, Hom aangeroep, en totdat Hy moes ingaan.

101 Dis hoe jy maak. En dan wanneer Hy binnekom, dis wanneer Hy Homself kan openbaar. Hy kan Homself bekendmaak wanneer Hy binnekant is.

102 Let op hoe Hy dit gedoen het na Sy opstanding. Die ware beloofde Woord, sien, hulle het nie besef wie Hy was nie. Maar eenmaal binne—in hulle, toe het Hy hulle oë geopen. Op daardie manier, toe Hy in die gebou ingekom het saam met hulle daar, het Hy hulle oë oopgemaak nadat Hy binnegekom het. Hy het hulle oë geopen. Wat? Nie deur Sy hand op te lig en te sê: "Open, laat julle oë oopgaan," nie. Hulle oë was oop, in elk geval, fisies.

103 Soos onder by Datan, of Dotan, liewer, was dit, daaronder toe hulle gehad het. . . Elía was daaronder. En die—die Siriërs was op hulle, en Gehási het uitgeroep: "My vader, die Siriërs is oral!"

104 En Elisa het daar uitgestap en gesê: "Daar is meer by ons as wat daar by hulle is." Gesê: "Here, maak die seun se oë oop." En om daardie ou profeet, en oor die heuwel, was Vuurwaens en Engele van Vuur.

105 En die Bybel het gesê: "Hy het die Siriërs met blindheid getref." Hy het daar uitgegaan en gesê: "Soek julle na Elía?"

Hulle het gesê: "Ja, ons soek na hom."

106 "Komaan, ek sal vir julle wys waar hy is." En hulle kon sien, fisies, reguit daar afgeloop. Maar hulle was blind vir wie hy was.

107 En dit is, vanaand, jy mag twintig—twintig visie in jou oë hê, maar, jou gees, kan jy verstaan dat Dit 'n beloofde Woord van hierdie dag is? Dis God se belofte. God kom in, maak dan jou oë oop. "O, dis Hy, is dit?" Hy het dit belowe. Let op, binnekant, het Hy hulle oë oopgemaak vir Wie Hy was, Wie Hy was. Nou as Hy binne—in jou kan kom, vanaand, by jou geloofslyn, kan Hy jou oë oopmaak, om jou te wys Hebreërs 13:8 is reg, dat: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." As Hy kan binnekom en jou oë oopmaak, sal Hy dieselfde ding nou doen.

108 Net soos Hy het vir daardie vrou by die put, waarvan ons gisteraand gepraat het. Nou let op, sy het geweet, deur die Skrif, wat Hy moes wees. Nou, dit was die goeie deel van daardie vrou.

109 Baie van ons, vandag, weet nie, volgens die Skrif, wat Hy is vandag nie. Ons sit Hom in 'n krip, elke Kersfees. Ja, ons neem 'n Paashaas en maak dit Sy opstanding. Geen wonder ons is beswaard nie, dis reg. Geen wonder ons weet nie waar ons is nie. Maar hierdie vrou het geweet, sy het gehad in haar gemoed, onder in haar hart was daardie Saad.

Soos ek dit geteken het vir my goeie vriend, Jack Moore, vandag.

110 Hoedat daardie Fariseërs aan die swart kant *hier*, hulle hart was swart daaragter. Hulle het geen Lewe gehad, om mee te begin nie. Soos hulle 'n bietjie ligter geword het, soos hulle opgegaan het, omdat hulle godsdienstig was, en die wette help onderhou het. En toe die Woord, destyds in die begin, geskyn het af deur die Woord, die Bybel, vir hulle; het hulle gewandel, maar *daaragter* het hulle geen Lig gehad nie.

111 Hier was hierdie klein, berugte prostituut, haar eerste lewe *hierbo* was so swart soos dit kon wees, van haar lewe. Sy was 'n prostituut. Tweedens, onder, was net 'n bietjie Lig, omdat sy 'n begrip gehad het van wat die Messias sou wees.

Hier het Jesus gestaan, tussen hulle.

112 Toe Hy die Messiaanse teken gedoen het, vir hulle gewys het Wie Hy was en alles, het dit die hele ding verduister vir

daardie Fariseërs. Hulle het teruggegaan na die duisternis. Hulle het niks *hieronder* gehad om hulle om aan te anker nie. Hulle het Hom "Beëlsebub," 'n duiwel genoem. En daardie lig wat hulle gehad het, het uitgedoof, en hulle het daarin vergaan.

113 Hier was hierdie vrou, swart in sonde soos sy kon wees, maar in haar hart het sy geweet wat daardie Messias sou wees. Sy het geweet watter teken Hy sou wys. En so gou as wat Hy vir haar gesê het . . .

114 Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink." Sy het gesê . . . Hy het haar gees gekontak, om te sien waar sy gestaan het.

En sy het gesê: "Dis nie gebruiklik nie."

115 Hy het gesê: "As jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink." En die gesprek het voortgegaan. Dadelik het Hy net presies gevind waar haar gedagtes was, en wat in haar hart was.

116 Sy het net toe geweet, wanneer Messias kom, moes Messias God wees. God is die Woord. Die Woord is 'n onderskeier van die gedagtes in die hart. Dis wat in die profete was. Daardie vrou het meer geweet as wat die helfte van die predikers in Amerika vanaand weet, dis reg, dis presies reg, en sy in daardie—daardie stadium. Maar, sien, sy was verordineer tot die Lig, en so gou as wat daardie Lig voortgekom het!

117 En sy het gedink Hy was net 'n gewone man, miskien 'n moontlikheid. Sy het gesê: "Wel, ons vaders het in hierdie berg aanbid. En U sê in Jerusalem, as 'n Jood," ensovoorts, die gesprek . . .

Hy het gesê: "Gaan kry jou man en kom hier."

Sy het gesê: "Ek het geen man nie."

Gesê: "Jy't reg gesê. Jy't vyf gehad."

118 Kyk! Daardie stukkie Lig, van weet Wie Hy was, wat gelyk het asof dit so kon wees. "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ek weet, wanneer die Messias kom, is dit wat Hy sal doen."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

Sy het gesê: "Dit het dit afgehandel!" Sien?

119 Al haar duisternis het wit geword. Al die Fariseërs se wit het swart geword, deur Dit te verwerp. Dis die verskil, skynende Lig deur die Woord. Sien? Want haar naam was op die Lam se Boek van die Lewe gesit voor die grondlegging van die wêreld, sy het Dit net nou herken. Dit het daardie Saadjie geneem, wat agter al hierdie vulgêre vullis en alles soos daardie gelê het, en dit skoongemaak.

120 Dis waarvoor Hy gekom het, om daardie soort skoon te maak wat die Vader Hom gegee het voor die grondlegging van die wêreld. Amen. Ek voel godsdienstig, wanneer ek weet dit is

die Waarheid. "Nie hy wat wil, of hy wat loop nie; dis God." Amen. Nie hoeveel jy gedoen het, of hoeveel jy nie gedoen het nie. Geen man het God gesoek nie; God het jou gesoek.

121 En toe die Lig geflits het, het daardie Fariseërs gesê: "O, daardie, ek het daardie goed al gehoor. Hy is Beëlsebub. Dis 'n fortuinverteller." Toe het die hele ding swart geword.

122 En hierdie vroutjie, swart *hierbo*, en wit *hieronder*. Sy het gesê: "Ek weet wanneer die Messias kom. Ek soek na Hom. Wanneer Hy kom, sal Hy dit doen. U moet Sy profeet wees."

Hy het gesê: "Nee, Ek is Hy."

123 Sy het gesê: "Kom, sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die Woord wat die gedagtes onderskei wat in die hart is nie? Is dit nie die einste Messias nie?" Sy behoort in die Verenigde State te wees, aan die preek vanaand, soveel as wat ek daarteen is. Sy, sy behoort hier te wees en so—iets te doen, party van hierdie kêrels te wys wat is die Messias.

124 Let op, eenmaal binnekant, hulle oë geopen. Toe, deur die Skrif, het Hy Homself getoon. Nou het Hy hulle oë geopen.

125 Toe, toe sy dit gesê het, het Hy ingekom. Sy, die. . . Wat het ingekom? Die openbaring; hierdie Saad wat *hieronder* was, toe daardie Seun Lig daarop gedraai het!

Jy kan 'n saad neem en dit onder 'n rots begrawe.

126 Ek het gesien, nie lank gelede nie, waar hulle sonneblomsade gehad het wat hulle in 'n pakkie gehad het vir omtrent vierduisend jaar, in Egipte. Hulle het daardie saad geneem, en party van daardie koring wat in die skuur was, wat Josef daar ingesit het, al daardie jare. En toe dit in die grond geplaas is, en die son het dit getref, het dit gelewe. Daardie kiem van die lewe het daar gebly.

127 O, broer, toe ons verordineer is deur God, voor die grondlegging van die wêreld, om seuns en dogters van God te wees! Wanneer daardie Lig dit tref, is daar geen denominasie, geen kerkgrense nie, daar is geen kritiek nie, daar is niks wat dit gaan stop nie. Dit gaan lewe, want God het gesê dit sal.

128 Hulle het dit herken. Haar oë het oopgegaan, en sy het dit herken. Sy het dit herken, eenmaal aan die binnekant. Sy het die Skrif geken, dis waarom sy Hom herken het.

129 Hierdie dissipels na Sy opstanding, het nie die Skrif geken nie, en dis waarom hulle Hom nie herken het nie.

130 En dis hoe die Fariseërs dit nie geken het nie. Hy het gesê: "Ondersoek die Skrifte. Julle dink julle het Ewige Lewe, Ek. . . Dit is die een wat vir julle sê Wie Ek is."

131 O, die bevestiging van Sy Wese! Toe toe die belofte bevestig is, is hulle oë geopen, en het hulle Hom herken.

132 Ook, daardie selfde ding wat oë geopen het, het oë gesluit, ook. Diegene wat Daarmee gespot het, hulle Ewiglik teruggeplaas na waar hulle was aan die begin, julle sien, hulle oë gesluit.

133 Petrus se oë was geopen deur dieselfde ding. Hy het daarna gekyk. Natánael se oë. Jesus het gesê Hy het hulle geken voor die grondlegging van die wêreld, dat hulle hierdie boodskappers moes wees.

134 Nou ten aanskoue van dit alles, in hierdie eeu waarin ons lewe, wat het dit aan julle oë gedoen? Nou dis die vraag, nie wat dit aan hulle s'n gedoen het nie. Aan watter kant is julle, vanaand? Nou jy moet óf geassosieer wees met die Fariseërs, óf geassosieer met die apostels, of die gelowiges. Nou dit het iets gedoen vir julle. Julle is net—julle staan net Daarvoor. Dit het iets gedoen. As julle in daardie dag sou gelewe het, wat sou julle gedoen het? Hoe—hoe identifiseer julle huidige staat julle nou? Wat maak dit julle? Dink daaraan.

"Wel, my kerk . . ." Dis wat die Fariseërs gesê het. Sien?

135 Is julle gereed om Jesus Christus te herken, deur die Krag van Sy opstanding? Is julle gewillig om alles te versaak en met Hom te wandel? Is julle gereed om Hom te glo, Sy Lig en Lewe na ander te neem? Wat het dit gedoen? Soos Hy—soos Hy geopenbaar is in hierdie laaste dae, Hy het dit belowe.

136 Nou sê julle: "Broer Branham, die Messias was toe geopenbaar. Ek weet die Skrif het so gesê."

137 Wel, daardie selfde Messias is belowe om Homself vandag te openbaar. Dieselfde ding! Nou, Hebreërs 13:8, luister nou, identifiseer Hom om "dieselfde gister, vandag, en vir altyd, te wees." Johannes 14:8 . . . Gesê dat: "Hy wat in My glo, sien, die werke wat Ek doen sal Hy ook doen." Johannes 14, nege— . . . hier vind ons, Hy het gesê: "'n Klein tydjie, en die wêreldorde, *kosmos*, sal My nie meer ken nie. Hulle sal totaal blind wees. Hulle sal My nie meer sien nie. Dan 'n tydjie en hulle sal My nie sien nie, tog sal julle oë geopen word, want julle sal My sien; want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld." "Selfde gister, vandag, en vir altyd."

138 Lukas 17:28 het gesê. Jesus het gesê dat: "In die laaste dae, die ondergang van die wêreld sou wees net soos dit was toe die Heidene vernietig is by Sodom en Gomorra." Nie in Noag se tyd, soos die vloed (Hy gee die onsedelikes van daardie dag) nie, maar Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom." Nou dit was 'n Heidenwêreld wat verwoes is met vuur. God het 'n reënboog in die lug gesit, nie meer "water" nie, maar dis vuur hierdie keer. Nou is die Heidenwêreld gereed vir vernietiging.

139 Hy het belowe daar sou 'n groot verdraaidheid in die land wees. As julle ooit party van die foto's kan sien, die manier hoe

vroue daarin aantrek, daardie blou onder hulle oë, lyk asof hulle verkanker het. Kyk wat doen hulle vandag! Onsedelikheid, verdraaidheid, o, party van die verskriklikste dinge, en hierdie volk is verswelg daarin. Dit ly die res van die wêreld in egskeidings. Ons vroue het hulle—hulle—hulle sedelike standaard verloor. Hulle het die ruggraat van die volk gebreek. En almal van hulle, die helfte van die dinge in Amerika is gebou op, is seks; alles, hulle whiskey, hulle tabak, en alles anders. En die dokters sê: "Dis gif. Dit sal julle doodmaak." Hulle rook dit reguit aan, net dieselfde. Hulle sal dit doen, in elk geval. Hulle het geen sin vir waarskuwing nie.

140 En die Skrifte sê vir hulle om nie hulle hare af te sny nie, en dinge. En ek praat nie van daardie vroue van die wêreld nie; dis kanonvoer, in elk geval. Maar ek praat van julle Pinkstervroue. Julle weet beter as dit. Die Bybel het gesê dat Simson se hare hom afgesonder het; 'n Nasareër geboorte hom afgesonder het vir die Woord van God. Vroue, dit sal dieselfde doen vir julle, 'n afgesonderde persoon, en 'n Nasareër is afgesonder vir die Woord, weg van die dinge van die wêreld. En jy preek dit, en roep dit uit, en skree dit, en kom die volgende jaar terug en dis erger as wat dit was toe jy daar was. Daar's niks oor behalwe Goddelike oordeel van God, atoombomme, en missiele en dinge, vir die hele wêreld nie.

141 Die komediante op televisie, en vertel, en—en radio en dinge, en fluit en sing, en maak vuil grappe, en sê vloekwoorde en verskriklike dinge wat nie eens toegelaat behoort te word nie, en die hele tydskrifte en dinge is volgeplak van nakende, onsedelike vroue, alles, wat die gemoed probeer gerusstel, julle probeer rustig maak. Dit herinner my aan 'n seuntjie wat fluit in die donker, op pad deur die begraafplaas, wat probeer om homself te laat dink hy's nie bang nie. Julle is tot die dood toe bang, en julle weet dit. Weet julle gaan geoordeel word, en dit kom omdat julle die Heilige Gees gelaster het, en julle het die opgewekte Jesus Christus geweier. Presies. Hulle oë is toe. Hulle weet dit nie.

142 Sodom en Gomorra. Jesus het gesê: "Soos dit was by Sodom en Gomorra." Soos ek herhaal het aan julle gisteraand, daar was nooit 'n tyd in die geskiedenis wat soos hierdie was nie. Kyk, Lot . . .

Daar is altyd drie klasse mense.

143 Lot het die kerk verteenwoordig, nominaal. Hy is buite in Sodom daarbuite, waar die vroue hulle hare gesny het, en hulle groot dinge gehad het, en hy was een van die hoofmanne van die stad, en groot dinge soos daardie, en: "Laat my verbykom." Maar, in werklikheid, onder in sy hart, het dit sy siel vertoorn. Hy het beter geweet; hy was saam met Abraham.

144 Abraham het nooit afgegaan daarin, aan die begin nie. Hy was die uitverkorene vir wie God 'n belofte gegee het, wat gesoek het na 'n komende seun, 'n beloofde seun.

145 Sodom was steeds in sy materiële. En, onthou, daardie twee Engele het daar afgegaan om te preek.

Een het by Abraham en daardie groep gebly.

146 Nou, kyk, hulle het afgegaan soontoe om te preek. En, onthou, vandat ons in hierdie kerkeeue was, was daar nooit 'n man gestuur na die kerk, met sy naam wat eindig met h-a-m, tot nou nie. G-r-a-h-a-m, die boodskapper van die uur, aan die kerk in Babilon, daaronder in Sodom. Die groot evangelis doen 'n groot werk daarmee, ook. Hy skree op hulle, regs en links. Hulle slaan geen ag daarop nie. Hy het gesê: "Ek sal dertigduisend bekeerlinge in ses weke kry; teruggaan binne nog ses weke, nie dertig hê nie."

147 Wat's die probleem? Hulle gaan nêrens heen nie. Stap op en kou kougom, rook sigarette, en alles anders, om 'n belydenis te maak, of wat hulle noem "'n besluit" te maak. Dis alles reg, laat die evangelis dit uitdra soos God sê om te doen.

148 Vir my, is dit nie 'n besluit nie. Dis 'n geboorte! Jy moet gebore word. Jy't iets wat moet gebeur.

Hier is ons, egter, daar, h-a-m.

149 Let op, hierbo op die heuwel, was daar Een wat by Abraham gebly het, maar kyk watter soort teken Hy getoon het. En dit was die Ab-. . . God het Abraham teken na teken gewys, maar dit was die laaste een voor die beloofde seun gekom het; die laaste een. Die Man, Hy het gelyk soos 'n man. Hy was net 'n gewone Man, aangetrek; stof op Sy klere, gesê Hy was op 'n reis, Abraham het Sy voete gewas.

150 En toe toe Hy daar gesit het, met Sy rug gedraai na die tent, nou kyk, het Hy gesê: "Abraham." 'n Dag of twee tevore, was hy *Abram*, en sy was *Sarai*, S-a-r-a-i. Nou is sy S-a-r-a: "prinses." Hy is nie Abram nie. *Abraham*: "die vader van nasies." Hy moes sy naam verander. Let op, Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

151 Nou onthou, hy was 'n honderd, en sy was negentig. Gesê: "Sy is in die tent, agter U."

152 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die belofte." Sien? En dis die agt—en—twintig dae, met Sara.

153 En Sara het gelag, as't ware, in haar mou, gesê: "Ek, 'n ou vrou, plesier hê met my heer; hy wat oud is, ook?"

154 Hy het gesê; "Waarom het Sara dit betwyfel, in haar hart gesê: 'Hoe kan hierdie dinge wees?'"

En sy het dit ontken.

Maar Hy het gesê: "Ja, jy het dit gesê."

Jesus het gesê: "Net soos dit was . . ."

155 Nou kyk. Hoe het Abraham dit herken? Nou, Abraham het Hom genoem: "Elohim." Hoeveel weet dis waar, Bybellesers? Ja, meneer. Elohim is die algenoegsame Een, die groot Skepper Self. Waarom het hy Hom Elohim genoem? Omdat Hy die gedagtes wat in die hart was, kon onderskei. Dis die Woord. Hebreërs 4, het gesê—het gesê: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die been en murg, en die gedagtes en oorlegginge van die hart onderskei."

156 Dis hoe, die profete, Jesus hulle "gode" genoem het. Dis hoe Jesus Homself bewys het, en daardie vrou geweet het Hy was die Woord, Hy kon die gedagtes onderskei. En Jesus het gesê: "Soos die was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word."

157 Wat het dit gedoen aan julle oë? Kan Hy binnekom, vanaand? Ek hoop Hy kan. Onthou net, laat ons net eerbiedig wees en met ons hele hart glo.

158 Hy het belowe, onthou, Maleági 4, daar sou 'n Boodskap voortkom wat "weer die—die Geloof van die vaders sou herstel, die kinders terugbring na die vaders." O, Pinksterprofessors, mag God julle blinde oë in hierdie dag oopmaak, weg van julle afsydigheid van denominasies, en julle geloofsbelydenisse en dinge, waaroor julle so selfsugtig is en oor baklei, en kyk na die Seun van God wanneer Hy hier is. Tweeduisend jaar, Hy's steeds lewendig en onder ons vanaand, om Sy belofte te bevestig.

159 Mag God, vanaand, soos Hy ons bymekaar kry soos Hy het met hulle by Emmaüs, die deure sluit en iets aan ons openbaar. Onthou, die rede waarom hulle geweet het dit was Hy, Hy het dit gedoen net soos Hy dit gedoen het voor Hy gekruisig is; en toe het Hy uit hulle gesig verdwyn, om weg te kom van hulle. Hy het dit so gedoen. Mag Hy vanaand kom, onder ons, en ons oë oopmaak, deur Homself aan ons te openbaar, deur dieselfde dinge wat Hy gedoen het toe Hy hier was op aarde, omdat Hy belowe het. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Mag die Here ons help om Hom te sien soos Hy aan ons verskyn.

Laat ons ons hoofde buig. [Leë kol op band—Red.]

160 Wat is my doelwit? Wat is my motief van my doelwit? Here God, ek kan nie ja of nee sê nie. U is die Een wat hierdie dring. U het dit belowe, en ek bid dat U die mense sal laat sien en verstaan, vanaand. Laat hulle, eenkeer, Here, daardie harte oopmaak, wyd oop, sê: "Kom in, Here, openbaar Uself nou aan my." En mag hulle oë dan geopen word, om dit te besef.

161 Mag daar nie 'n sondaar oor wees in die gebou vanaand, 'n ongelowige nie. O, daar mag diegene hier wees wat sou wees

'n . . . wie my eenvoudig sou—sou kwalik neem dat ek hulle 'n sondaar noem. Maar, Vader, U het die Fariseërs genoem, wat godsdienstig en stoere godsdienstiges was: "duiwels," gesê: "julle is van julle vader, die duiwel, en sy werke sal julle doen," want hulle het nie die bevestigde Woord, die Messias, herken nie. Hulle kon Hom glo, in gees; maar toe in die vlees, nee. En, tog, het hulle Skrifte gesê dat Hy sou wees "God met ons."

162 Vader, ek bid, vanaand, dat U dit weer sal skenk. Is daar enige hier wat nodig het dat hulle oë geopen word? Gee hulle die oogsalf wat U belowe het in Openbaring 3, by die Laodicea eeu; koop salf, dat hulle oë geopen mag word vanaand, dat hulle die uur mag besef waarin ons lewe, en bevestiging van die belofte van God in hierdie uur. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

163 Watter gebedskaarte? K. Waar het ons . . . Ons het begin vanaf een, gisteraand, het ons nie? [Iemand sê: "Ja, meneer."—Red.] Maar ons het nie te veel tyd nie, vyftien of twintig minute nog. Laat ons begin . . . En hy het gebedskaart K uitgegee. Nou hou julle julle kaarte vas, ons gaan by elkeen van hulle uitkom.

164 Hierdie, iets nou, na prediking . . . Dit was altyd, wie ook al gepreek het, hulle het die praatwerk gedoen. Julle onthou dit, ek sou net reguit instap en die gebedsry begin. Dit was baie makliker. Maar, vandag, moet ek—ek—ek iets anders doen. Sien? En ek—ek moet Hierdie bring, dis al. As dit ontvang word . . . Ek—ek kan net Saad saai. Ek—ek kan Dit nie laat lewe nie. Dit moet in die regte soort grond val.

165 Julle weet, Sy Eie Saad, het hulle gesê het Hy gesaai. Party het geval langs die pad, het glad nie gehelp nie. Party het geval in dorings, maar, en op klipperige grond. Maar party het oorgegaan in goeie grond. Dit was die Seun van God.

Ek kan net Sade saai, dieselfde manier. Sien?

166 Mag Hy my onkunde neem, dit wegneem na een kant; en my hart neem, wat ek Hom glo, en afkyk en sien of ek Hom liefhet of nie; en my dan vergewe van al my sondes, en my op enige manier gebruik wat Hy—Hy heerlikheid uit my kan kry. Lewe of dood, maak nie saak nie, net sodat dit Hom verheerlik.

167 Nou vra ek almal, in die Naam van die Here Jesus, sit asseblief net vir 'n paar minute. Moenie rondstap nie. Dit gaan altyd so wees. Kan julle—kan julle julle die verwagting van die verskyning van Jesus Christus voorstel?

168 Nou as ek hier uitgestap het as 'n man, gesê het: "Ek is die Here Jesus," lang hare gehad het; ons weet nie of Hy gehad het of nie. "Ek het spykermerke in my hande," uh—huh, enige skynheilige kan dit doen. "Ek het olie en bloed, en alles . . ." dis, steeds, dit het nie . . . Die Skrif het dit nie belowe nie.

169 Hoe sou julle Jesus ken? Julle nie. . . Julle sê: "Wel, ek sal Hom ken volgens Sy foto." Nee, dis 'n soort sielkunde wat dit geskilder het. Ons weet nie hoe Hy gelyk het nie. Sien? Ek weet nie wat Hy was nie. Sien, dis, sien, dit moet so wees.

170 Rebekka het nie geweet hoe Isak gelyk het nie, maar dit was liefde, in elk geval. Sien? Sy het nie geweet hoe hy gelyk het nie; sy moes net gaan. Die tipes! Sy het hom gesien en hom liefgehad. Sy was gewillig om te gaan, in elk geval, maak nie saak hoe hy gelyk het nie.

171 Maar hoe sal ek Hom ken? Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte word hulle geken." Nou as Jesus hier was, sou Hy nie in 'n fisiese vorm soos ek wees nie, want daardie liggaam sit aan die regterhand van die Majesteit, maar Sy Lewe is hier.

172 En, onthou, hierdie is die laaste belofte, die laaste teken wat die kerk ontvang, voor die beloofde teken—beloofde Seun terugkeer. Daardie Skrif kan nie verbreek word nie, julle weet. Onmiddellik na Sodom, het die beloofde seun gearriveer, en Sodom was verbrand. So sal dit weer wees!

173 Laat ons roep van gebedskaart, sê omtrent. . . Wat het ons gegaan, een na vyftien, gisteraand? Laat ons die ander vyftien, vyf—en—tagtig tot 'n honderd neem. Gebedskaart K. Was dit reg, K? K, vyf—en—tagtig, wie het dit? Steek jou hand op. Ja, is iewers? Vyf—en—tagtig, kom *hiernatoe*. Ses—en—tagtig, sewe—en—tagtig, agt—en—tagtig, nege—en—tagtig, negentig, in K. Negentig, vyf—en—negentig, 'n honderd, staan in 'n ry hieronder, terwyl ek met die res van die gehoor praat, vir 'n oomblik.

174 Hoeveel hier het nie 'n gebedskaart nie? En julle is regtig opreg, en julle wil hê God moet julle help, steek julle hande op. "Ek—ek het nie 'n gebedskaart nie, Broer Branham." Nou kyk. Nou moenie rondbeweeg nie. Sh! Laat hulle net wat uitkom, hiernatoe kom, net 'n oomblik. Wees baie eerbiedig nou, net 'n paar minute.

175 Dink, ons is in die Teenwoordigheid van die Regter van Hemel en aarde. Hoe eerbiedig sou julle wees as julle Hom hier kon sien staan? Julle sou op julle knieë wees, aan die skree, huil, alles, Maar Hy is hier. Hy het dit belowe. "Waar twee of drie vergader is in My Naam. . . " Dit beteken nie, omdat jy pas gesê het: "Hier's 'n Naam," nie. Dit beteken: ". . . in Sy Naam, Ek is in hulle midde." Let op.

176 Nou is hulle almal daar, wat ek geroep het? Nee. K, vyf-en-tagtig, was dit wat ek geroep het, of negentig? [Iemand sê: "Vyf-en-tagtig."] Vyf-en-tagtig, vyf-en-tagtig tot eenhonderd, staan *hier* oorkant. As jy nie kan kom nie, party. . .

177 Daar's 'n persoon op 'n bed hier, iemand gaan sy kaart na. Miskien kan die man nie loop nie. Kyk of—kyk of dit sy

nommer is. Ek sien hy het 'n gebedskaart in sy hand. As dit hy is, wel, kan julle hom in die gebedsry instoot. K, vyf—en—tagtig tot eenhonderd. As daar iemand is wat nie kan opstaan nie, miskien iemand doof; kyk rond na mekaar se kaarte. En terwyl julle dit doen, kyk hier na my, die res van julle.

178 Nou, glo julle, dat: "Hy, in die begin, die Woord was, en die Woord by God was, en die Woord God was; en die Woord vlees geword het en onder ons gewandel het"? "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Glo julle dit? Dan, wat die Woord altyd gedoen het, dit was 'n onderskeier van die gedagtes van die hart. Dis die rede waarom daardie mense geweet het dat Jesus die Messias was. Is dit reg? Hoeveel weet dit?

179 Nou, daar was 'n vroutjie, eenkeer, wat sy geglo het as sy Sy kleed kon aanraak, sou sy gesond gemaak word. Onthou julle die storie? Nou, onthou, sy het net geglo. Hy was toe in fisiese vorm.

180 En, onthou, Hy het dit net een keer gedoen. Hy het net vir die vrou gesê wat sy gedoen het; sy het te veel mans gehad. En daardie hele stad van Sigar het aan Hom geglo, as gevolg van die vrou se getuienis, en sy 'n prostituut.

181 En nou wil hulle nie glo as 'n—'n goddelike prediker, verordineer van God, met die Evangelie, hulle kan sê nie. Hulle sal steeds nie, wil dit nie glo nie. Sien? Sien? Net so dom, donker! Eerlikwaar, die hele wêreld, lyk asof dit 'n druk daarop het. Net, ek weet nie hoe om dit te verduidelik nie, maar dis hier. Vriende, word wakker! Dis later as wat ons dink.

182 Nou sit julle daar en kyk na Hom. Nou die Bybel het gesê, in Hebreërs 4, dat: "Hy is 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Is dit reg? Nou as Hy daardie Hoëpriester is, en julle het Hom aangeraak, sou julle aanraak soos daardie vrou aangeraak het. Nou, Hy het nie die fisiese aanraking gevoel nie; Hy het gesê: "Ek merk dat Ek swak geword het." Deug het Hom verlaat. Nou as Hy steeds die Hoëpriester is, kan julle steeds deug uit Hom trek, want Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

183 Dan hoe maak Hy? Soos God gesê het. In die dae van Sodom, wat was daardie teken? God, Elohim, in die mens, wat eet, drink. Verstaan julle dit? Jesus was God in die mens. Dis waarom Hy hulle gedagtes onderskei het, God in die mens! Dit weer herhaal, gesê dit sou weer herhaal in die laaste dae. "Wanneer Hy geopenbaar sou word, sou dit wees soos dit was in die dae van Sodom." Dosyne maal dosyne Skrifte wat misgekyk word. Maar julle hoef nie die interpretasie te hê nie; God sal dit interpreteer as dit reg is. Hy sal bewys dis reg. Nou hê geloof en glo. Een woord van Hom behoort dit af te handel.

184 Nou, Hemelse Vader, hierdie is U Woord, die beste wat ek weet. Nou's dit alles in U hande, Vader. Ek vertrou Myself toe

aan U, saam met hierdie gehoor. Laat dit wees vanaand, wanneer ons van hier af gaan, mag ons sê: "Was ons harte nie brandende in ons, soos ons Here Jesus, in die vorm van die Heilige Gees, met ons gepraat het terwyl ons daar was nie?" Skenk dit, Vader. Ek bid in die Naam van Jesus, tot Sy heerlikheid. Amen.

185 Nou hê geloof, glo. Ek glo Broer Pearry gaan hierdie rondskuif hier, binne net 'n minuut.

186 En nou, onthou, hierdie mense ken ek nie. Hulle is . . . Ek ken hierdie predikers hier, ek ken elkeen van hulle, maar ek sien nie enigiemand anders wat ek ken nie. Ek weet daar is 'n paar mense daarbuite wat ek sou ken. As ek my nie misgis nie, ek dink hierdie is Broer Pat Tyler wat net hier sit; ek's nie seker nie, wat sit reg . . .

187 In die gebedsry, as ek nie, julle weet ek weet niks van julle nie, steek julle hande op. Julle wat in die gebedsry hier is, wat die kaart het, om te kom, steek op julle hande. Ja, meneer. Nou, daarbuite, julle dieselfde weet.

188 Nou hier is Waarheid. As Hy opgestaan het uit die dood, dan het Hy belowe dat God bekend gemaak sou word in menslike vlees. Nou, maak nie saak hoeveel Hy my salf nie, julle moet gesalf word met die geloof om dit te glo. Sien? Dit neem albei van ons. Julle . . . Die vrou wat Sy kleed aangeraak het, sy moes glo. Hy sou verbygegaan het. Sien? Sy moes dit glo. Sien?

189 Dis God! Nou as iemand dink: "'n Gawe is 'n—'n yslike groot mes. God gee jou 'n gawe, jy kan dit neem en dit sny, en doen wat . . ." Jy het die verkeerde indruk van 'n gawe. 'n Gawe is hoe om te weet om jouself uit die pad te kry, en God te laat doen wat Hy wil doen. Sien, dis om te weet hoe om jouself te ontspan, dat God jou kan gebruik op die manier wat Hy wil. Jy kry net jouself uit die pad uit. Sien?

190 Nou ek ken geen van hierdie mense nie, ken nie hierdie persoon hier nie. Hier is 'n dame wat hier staan, sy lyk omtrent soos my dierbare wat pas oorgegaan het na die Heerlikheid, onlangs. Sou ek nie 'n verskriklike ding wees, as my ma uit die Heerlikheid kon kyk vanaand, dink ek sou hiernatoe kom om 'n arme persoon soos daardie te mislei nie? Watter doelwit sou ek hê? Ek sou mal wees. Ek is hier om jou te probeer help, dame.

191 En die enigste ding wat ek kan doen is net om te doen wat ek opdrag gegee is om te doen. Ek kan nie mense laat glo nie. Ek kan niemand laat glo nie. Net, ek het . . .

192 Ek's nie 'n teoloog nie. Ek is nie eens 'n . . . Ek's nie, ek kan nie, ek noem nie myself 'n prediker nie, sien, want ek het geen opleiding nie. 'n Prediker vandag is iemand wat hulle Baccalaureus Artium en Doktorsgraad het. Wel, ek weet nie wat daardie dinge is nie.

193 Iemand het nou die dag vir my gevra, gesê: "Jy gebruik nie jou selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde reg nie."

194 Ek het gesê; "Ek weet nie wat hulle is nie. Ek—ek weet nie." Ek het nie geweet wat 'n selfstandige naamwoord was, of 'n voornaamwoord nie. Ek sou julle nie kon sê, om my lewe te red, die verskil tussen 'n selfstandige naamwoord en 'n voornaamwoord nie. Ek kan julle nie sê nie.

195 Maar een ding ken ek, ek ken Hom, die Krag van Sy opstanding. Dis al waarvoor ek omgee, sien. "Hy," is die Een wat ek wil ken. "Om Hom te ken, is Lewe." En dis waarna ek soek, Lewe, om te lewe. Dis waarvoor julle hier is, Lewe, om te lewe.

196 Nou, dame, as die Here Jesus aan my sal openbaar iets wat jy gedoen het, iets wat jy nie moes gedoen het nie, iets waarvoor jy hier is. Soos Hy het aan die vrou, vir haar gesê het wat verkeerd was met haar; miskien sê wat verkeerd is met jou, as daar is, dan sal jy weet of dit die waarheid is of nie. Jy sal 'n getuie daarvan wees. Sou dit jou laat. . .Jy sou weet daar is Iets, iets moes kom van iewers af. Dit kan nie natuurlik wees nie. Dit sou Bonatuurlik moes wees. Goed. Sou dit jou laat glo dat hierdie Woord wat ek gesê het, dit sou God wees wat Sy Eie Woord interpreteer, dit dan God sou wees wat bevestig?

197 Sal die gehoor dieselfde glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wees nou eerbiedig. Onthou nou, wees baie eerbiedig.

Julle sê: "Jy probeer tyd wen, Broer Branham?"

198 Ja, beslis. Ek ken nie die vrou nie. Dit moet iets anders neem, die Engel van die Here, die Heilige Gees Self.

199 Daardie Vuurkolom wat die kinders gelei het deur Israel, Israel deur die woestyn. Sien, toe Hy daar was, Hy was Jesus. "Moses het die smaad van Christus groter rykdom geag—geag as dit van Egipte." Hy het Egipte verlaat.

200 Toe Jesus hier op aarde was, het Hy gesê: "Ek kom na God, en gaan na God." Hy het gesterf, begrawe, opgestaan, opgevaar.

201 En Saul, op Sy pad af na Damaskus, was neergefel deur dieselfde Lig. En daardie Jood sou nooit een of ander fratslig "Here" genoem het nie. En hy het gesê; "Here, wie is U?" Hy het geweet dit was die Here wat sy volk deur die woestyn gelei het.

202 Hy het gesê; "Ek is Jesus." "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

203 Nou as daardie selfde Lig onder ons is, sien, dan bevestig Dit Ditself deur voort te bring wat Dit daar het. Nou as Hy dit sal doen, sal dit ons laat glo en gelukkig wees, sal dit nie? Mag Hy dit skenk. Jy is. . .

204 Ek laat jou net iets sê. Sien, wanneer jy. . . Wanneer jy jouself weg kry, lig dit ver op; en net enige woord wat jy sê, enigiets. Sien, jy's 'n mens, het 'n gees. En wat daardie Gees ook al is, sodra Dit self, sien ek, kan ek sien net wat dit is en waarnatoe jy gaan daar, deur die. . . Dis 'n gawe van God. Dis hoe Hy dit gedoen het, gesê het vir die vrou. Dieselfde ding, presies dieselfde ding.

205 Nou jy is hier omdat jy om iemand anders se onthalwe is. Jy wil gebed hê vir iemand anders, en daardie iemand anders is in die hospitaal. Ja. En dis tuberkulose. En dis jou man. Dis reg. En nog 'n ding wat ek gesien het, hy is tot die dood geskadu. Daar is 'n donker gees oor hom, want hy is nie 'n Christen nie. Dis reg. Is dit nie waar nie? Sien? Hy is nie 'n Christen nie. Hy is tot die dood geskadu. En jy is geïnteresseerd dat hy Christus ontvang.

206 En ek sien jy het probleme gehad, ook. Of hulle verwag jy gaan TB kry, of so—iets. Dis reg, jy het 'n x—straal of iets gehad. Hulle het—hulle het jou pas ge—x—straal vir TB. Dit is reg, is dit nie?

207 Nou sal jy gaan, om met jou hele hart te glo? Nou net soos jy geglo het, wat ook al jy geglo het Hierdie nou was wat dit weet, net soos jy geglo het; gaan na hom, sê vir hom wat hier gebeur het, en miskien sal daardie donker gees weggaan; hy sal gered word, dan sal hy opstaan en huis toe kom. Nou glo nou met jou hele hart. God seën jou.

208 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis, julle kan Dit beoordeel hoe julle ook al wil. Dit hang nou van julle af.

209 Aangename kennis, dame. Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar, maar jy glo dat God jou probleme vir my sal openbaar? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] En as Hy sou, sou dit veroorsaak dat jy grootliks glo, sou dit nie? Daardie man het opgekom hiervandaan, sien ek. Jy het dit geglo 'n paar minute gelede. Nee, jy staan hier vir iemand anders, ook, wat jou man is. ["Ja, meneer."] Glo jy dat die Here Jesus aan my kan openbaar wat verkeerd is met jou man? Glo jy dit? Hy het 'n breuk. Dis reg. En daar is 'n kind hier wat 'n siekte het, waarvoor jy ook bid. Glo jy dat dit sal gebeur, ook? Goed. Glo jy nou met jou hele hart? Net soos jy geglo het, so sal dit wees aa—. . . Sien, ek kan nie genees nie. Ek kan net uitspreek, sien, wat ek sien. En jy met jou hele hart glo, sal dit wees soos jy dit geglo het. Glo jy dit, en die Here seën jou. God seën jou.

210 Moet net nie twyfel nie. Hê geloof. Wees baie eerbiedig. Nou as—as julle begin. . . Moenie begin rondbeweeg nie. Sien, julle sit baie mooi. Bly so en luister, vir 'n paar minute.

211 Aangename kennis, meneer? Ek ken jou nie, ons is vreemdelinge vir mekaar, maar ons moet ontmoet by die

Oordeelsbank van Christus en antwoord vir ons—ons verskyning hier vanaand. Jy glo dit, nie waar nie? Jy glo dit beslis. Ek—ek hou net 'n Lig dop, meneer, sien, dit salf, die Heilige Gees.

212 Nou, jy ly aan jou maag. Jou maag pla jou. Dis reg. En jy het iets waarvan jy probeer ontslae raak, 'n gewoonte. En dis eintlik wat veroorsaak dat jou maag, dit sal na kanker oorgaan binnekort as jy nie daarmee ophou, rook nie. Glo jy God sal dit wegneem van jou en maak—en jou gesond maak? Jy sal? Glo jy as ek nou hande lê op jou. . . terwyl hierdie Iets wat jy weet wat so geheimsinnig is vir jou? Maar daardie salwing van Christus, as ek Hom sou vra om daardie ding weg te neem van jou en jou gesond te maak, kan jy haar neerlê en wegstap. Glo jy dit? [Die man sê: "Ek glo dit."—Red.] Kom hier. Kom hier, meneer.

213 Satan, op grond van ons geloof, die Teenwoordigheid van Jesus Christus, Wie getriomfeer het oor jou en al jou soort, beveel ek hierdie duiwel, wat hierdie man na 'n voortydige graf stuur, met daardie sigarette, om uit hom te kom, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

214 Gaan nou en wees klaar daarmee. Glo, en lewe soos jy moet.

215 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hou net aan glo.

216 Aangename kennis. Dame wat baie vriendelik lyk, glo jy Jesus Christus is die Seun van God? Glo jy dat ek Sy dienaar is? Die rede waarom ek dit sê, toe Hy. . . Het jy ooit my boek gelees? Dit het daarin gesê: "As jy die mense kan kry om jou te glo." Sien, dis die hoofsaak, jy moet dit glo. Jy het net. . . Geen ander manier om God te benader behalwe, deur 'n gawe, behalwe om dit te glo nie.

217 Soos Martha gesê het: "Ek—ek glo dat U die Seun van God is. As U hier was, sou my broer nie gesterf het nie." Sien? Sy het dit reg benader. Wanneer, sy 'n reg gehad het om met Hom te stry oor nie gekom het nie, maar sy het dit nie gedoen nie. Sy het gekom met eerbied, en sy het gekry waarvoor sy gevra het.

218 Nou glo jy daardie—daardie God is teenwoordig en weet alle dinge? En jy glo dat Hy in staat is om die dinge aan my te openbaar wat verkeerd is met jou? Die probleem is in die maag. Jy het komplikasies, baie dinge verkeerd. En jy het komplikasies, dis 'n groeisel wat in jou maag is. Dis reg daaroor. Dis reg. Goed. Mejuffrou Whitley jy gaan net weer af, glo met jou hele hart, en jy sal gesond word. Goed. Vreemd dat ek jou naam genoem het? Hy ken jou, ook, sien.

219 Aangename kennis. Nou jy het 'n damesprobleem, en dit wys dat dit in die ovaria is, en dis 'n sist in die ovaria. Glo jy dat Jesus Christus daardie sist kan verwyder? Ek behoort jou te

vertel wat gebeur het met my vrou net onlangs. Sien, wanneer. . . Het jy die getuienis gehoor? Wel, kan joune nie soos hare wees nie? Goed, dit sal so wees as jy dit net met jou hele hart sal glo.

220 Kyk hier, jong dame. Joune is ook ’n damesprobleem, vroue ongesteldheid. Glo jy dat Jesus Christus teenwoordig is om jou gesond te maak en jou te genees? En jy glo dan dat dit alles sal weg wees, en alles verby, en jy sal gesond word en wees. . . ’n normale lewe lei? Goed, gaan, glo dit nou, dit sal net so wees.

221 Glo jy dat God suikersiekte kan genees, ook, jou gesond maak? Goed, hou net aan loop oor die platform, sê: “Ek glo Hom.” En jy sal daar oorkom as jy dit net glo. ’n Bloedoortapping van Gólgota sal dit so maak.

222 Nou daar’s iets wat gebeur het in die gehoor, ek het dit net nie reg gesnap nie.

223 ’n Dame wat net hier sit, na my kyk, ly aan maagprobleme. Glo jy dat Jesus Christus jou gesond maak?

224 Net langs haar is ’n dame wat ’n hartprobleem het. Net daaragter met die. . . Net agter, die donkerkleurige hoed op, met ’n hartprobleem.

225 Jy het dit ook gehad. Jy het dit gehad. Sien, ek het gesê jy het dit gehad. Julle is albei nou vry. Jesus Christus maak julle albei gesond. Goed, gaan dan op die pad, en God seën julle. Hê—hê geloof, glo met julle hele hart.

226 Op jou ouderdom, het jy komplikasies, baie dinge verkeerd. Maar een van die hoofsake waarvoor jy wil laat bid, is vir jou hart, ook. Glo jy Hy sal jou gesond maak van daardie hartprobleem, en jou genees? Goed. Gaan, glo dit, sê: “Dank U, Here,” en jy sal jou genesing kry.

227 ’n Senuweeagtigheid het hom ’n lang tyd gepla, hom ’n prostaat gegee, staan op in die nag, maar een van die hoofsake wat jy het, is hierdie suikersiekte. Glo jy dat God jou daarvan kan genees en jou gesond maak? Bly net aan beweeg, sê: “Dank U, Here Jesus. Ek glo met my hele hart.”

228 God kan enige soort bloedsiekte genees, bloedarmoede, of enigiets anders. Glo jy dit? Goed. Gaan net voort, en God sal jou gesond maak. Glo dit.

229 Aangename kennis. Ek sien jy probeer opstaan uit die bed, baie stadig, artritis het jou net omtrent. Maar jy glo dat hy jou gaan verlaat, vanaand, en jy nou gesond gaan wees? Hou net aan loop oor die platform, sê: “Dank U, Here Jesus,” en glo met jou hele hart.

230 Glo jy met jou hele hart? Laat hom voortgaan. Hy was daar genees, in elk geval, so net—net. . . Hy het dit gesnap, self, egter!

231 Kom. Glo jy dat die Here Jesus maagprobleme kan genees en jou gesond maak, en jou huis toe stuur om te eet? Gaan voort en glo dit, en Jesus Christus sal jou gesond maak.

232 Kom, dame. Glo jy die rugprobleem. . .?. . .probleem, dinge, sal jou verlaat, soos jy hier oorgaan? Hou aan beweeg, sê: "Ek dank U, Here Jesus."

233 Wat dink julle almal? Het—het hierdie enigiets gedoen aan julle oë, vir die dag? Glo julle met julle hele harte? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Kyk net wat daar gaan, saam met die mense!

234 Nou julle in die gehoor, glo julle, kyk wat Jesus Christus die Seun van God, of Hy steeds die Seun van God is.

235 Ja, daardie mense wat gaan, wat insit, hulle is almal bly; kyk na mekaar, met blydskap, vertel mekaar van die groot dinge wat die Here gedoen het.

236 Dametjie wat hier sit, ly aan 'n rugprobleem. Wat net hier sit, met die grys hare; nee, die dame agter jou. Jy het Iets aangeraak, het jy nie? Jy weet dit was nie ek nie. Dit was Hy, die Hoëpriester. Glo jy met jou hele hart, dat jou rugprobleem jou nie meer sal pla nie?

237 Wil jy graag daardie sigarette neerlê, en sê: "Ek sal hulle nooit weer optel nie, meneer," die dame wat langs haar sit? Jy het 'n lang tyd probeer, maar jy kan net op 'n manier nie geloof daaroor hê nie. Glo jy nou jy het geloof daaroor? Steek jou hande op as jy sê: "Ek glo dit nou." Goed, moenie meer rook nie. Gaan huis toe en word gesond. Doen soos wat jy moet doen.

"As jy kan glo!"

238 Die dametjie wat hier sit met die rooi jas aan, na my kyk, ly aan artritis. Glo jy dat God jou kan gesond maak, dame? Jy glo? Goed. Jy kan joune kry. Goed.

239 Het dit jou aangegryp, suster wat daar oorkant sit? Die dame het komplikasies. Sy gaan dit mis. God, help my. Mev. Cox, glo jy dit? Goed. Het nie. . .Hy het gedink hy sou wegkom daarmee, maar hy het nie. Jy het dit, egter.

Laat ons sê: "Prys die Here," vriende. Weet julle nie. . .

240 Meneer, jy het kanker, geelsug. Jy kan nie lewe, aan die lê daar nie. Dis reg. Ek nie, ek kan jou nie genees nie. Maar jy kan nie wegsteek wat verkeerd is met jou nie. Sien, dis daar. Jy, jy kan nie lewe aan die sit daar nie, jy weet dit, want jy's—jy's gedaan. Hulle sê dis in jou maag, en dit is. Dis in die lewer, wat die geelsug laat opkom. Maar glo jy met jou hele hart, en gereed nou soos daardie manne wat by die poort gelê het daaronder by Samaria, sê: "Waarom sit ons hier totdat ons sterf?" Jy gaan sterf, aan die lê daar. Jy het net een kans, en dit is om Hom te aanvaar terwyl jy in Sy Teenwoordigheid is, en

dit te glo met jou hele hart. Sal jy dit doen? Dan, in die Naam van Jesus Christus, glo dit met jou hele hart, en staan op, neem jou bed en gaan huis toe, dank en prys God.

241 Glo jy dit? O, God, gee hom krag, moenie bekommerd wees daaroor nie. As hy . . . Daar is hy, gaan sy bed neem, haar opvou en huis toe gaan.

242 Glo die res van julle? Staan nou op julle voete. Wat van jou wat opstaan? Ek gee nie om wat verkeerd is met jou nie, staan op. Steek julle hande op en prys Hom.

243 Here Jesus, hulle is in U hande, in die Naam van Jesus Christus!

Toe Hulle Oë Geopen Is, Het Hulle Hom Herken AFR64-0312
(When Their Eyes Were Opened, They Knew Him)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 12 Maart 1964, by die Munisipale Ouditorium in Beaumont, Texas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org